
# Santa Gertrudis



Joernaal 2016 Journal

**Breede Santas** | **Santa Gertrudis Stoet**



Pieter Niemand | 082 840 6134 | niemand@breede.co.za

# Contents
# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Boodskap van die/Message from the President | 4 |
| Raad/Council | 9 |
| Pas voer by koeie se produksiesiklus aan | 10 |
| Drought feeding strategies | 15 |
| Ageing the most important link to high quality beef | 18 |
| Nampo 2015 | 20 |
| Koei doeltreffendheid/Cow efficiency | 23 |
| Buying a bull at an auction? | 34 |
| Breeding for genetic improvement of retail beef yield | 41 |
| Twinning in beef cattle | 49 |
| LRF Australian tour | 55 |
| Online trading of cattle futures and options | 62 |
| The Zambian report | 66 |
| Lwimba Ranch | 69 |
| The effect of environmental factors on stress in cattle | 71 |
| Vryburg skou | 76 |
| Bloemfontein skou | 80 |
| Veilings/Auctions | 82 |
| Klubverslae | 88 |
| Santa diere presteer in karkaskompetisie | 92 |
| Lede/Members | 94 |



**COMPILED AND PUBLISHED BY:**
**SANTA GERTRUDIS SA**



Die menings wat in hierdie uitgawe uitgespreek word, is nie noodwendig die sienswyse van die Bestuur van Santa Gertrudis SA Beestelersgenootskap nie. Die Santa Gertrudis genootskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aansprake wat in advertensies gemaak word nie.

The opinions expressed in this issue are not necessarily the views of the management of Santa Gertrudis SA Breeders' Society. This Society accepts no responsibility for claims made in advertisements.


# Advertisements
# ADVERTENSIES


| | |
|---|---|
| Breede Santas | IFC |
| Cathrew Santas | 7 |
| Clinomics | 14 |
| CMW | 73 |
| Cololo Farms | 79 |
| Double Dee Santa Gertrudis | 52 |
| Fernando Santa Gertrudis | 40 |
| HB Louwrens | 84 |
| Hebzibah Santa Gertrudis Stoet | 83 |
| HerdMaster | 78 |
| Highland Gate Boerdery | 17 |
| Indruk Santa Gertrudis | 27 |
| Jochalr Santa Gertrudis | 67 |
| Kleynhansvelde Santas | 32-33 |
| Kochbo Santas | 13 |
| Koepelsig Santa Ranches | 39 |
| Locklore | 64 |
| Molatek | 22 |
| Noord Santa Klub | 90-91 |
| Pinnacle Santa Gertrudis | 63 |
| ProAgri | 54 |
| Red Diamond Santa Gertrudis | IBC |
| Rensbou Santas | OBC |
| RPO | 74 |
| Sanbach Santa Gertrudis | 21 |
| Santa-Ray Santa Gertrudis | 93 |
| Santapine Santa Gertrudis | 57 |
| Santarific Santa Gertrudis | 2 - 3 |
| Santarust Santas | 8 |
| Sanvors Santa Gertrudis | 43 |
| Top Circle Santas | 87 |
| Tri-Star Santa Gertrudis | 35 |
| Unistel | 44 |
| Valley Venture | 46-48 |
| Veeplaas | 58 |
| Verbros Santa Gertrudis | 68 |
| Vleissentraal | 36 |
| Voermol | 28 |
| Williams Santa Gertrudis Stud | 51 |



**Produksie van Joernaal:**
*Firefly Publications (Pty) Ltd*
Tel: (051) 821 1783 | Faks: 082 239 2990
E-pos: palberts@telkomsa.net | Posbus 328 Brandfort 9400
Ontwerp deur: Caria Vermaak | Advertensies: Donovan Heunis

# SANTARIFIC

## *Santa Gertrudis*

# YOUNG GUNS



BRONZE **SANTARIFIC MOHAWK SS 14-53**



SILVER **SANTARIFIC VEGAS SS 14-51**



GOLD **CHERRY RED CR 14-53**



BRONZE **RED BULL DIESEL RS 14-21**

# AS DIT KOM BY KWALITEIT SPEEL ONS NIE...



1 FASE D WENNER SANTARIFIC LEGEND 1519



SILVER SANTARIFIC CHOPPER 15-05



1 FASE D WENNER SANTARIFIC PRODUCT 1514



GOLD SANTARIFIC DICE 15-53



BRONZE SANTARIFIC CHAMP 13-31

*Santa Gertrudis*

**SANTARIFIC**

Desmond Robertson
desmond@desley.co.za
082 494 7032

Boodskap van die
Message from the

# PRESIDENT

2015 – Was weereens 'n baie goeie jaar vir die Santa Gertrudis ras met goeie verkope tydens die verskillende veilings. As gevolg van droogte was al die veilings nie maklik nie, maar feitlik al die diere is verkoop wat baie positief is vir die Santas. In 2015 is daar ook weer 'n Santa Gertrudis bul vir 'n S.A. rekordprys van R340 000 verkoop en die gemiddelde prys van die bulle is R5000 hoër as die vorige jaar. Dit is beslis 'n aanduiding dat die kommersiële telers tevrede is met hul Santa kalwers en baie van die kopers is dan boere wat vantevore Santa bulle gekoop het. Ons sien egter ook heelwat nuwe kopers en dit veral is baie positief.

My boodskap aan al ons Santa telers is dat ons streng moet wees met die keuring van ons diere. Kwaliteit verkoop altyd, selfs in die moeilike tye. As telers nie seker is van hul diere nie vra die keurders en aanvaar hulle beslissing. Dit is vir geen keurder lekker of maklik om diere af te keur nie en oor bogenoemde rede sal 'n keurder, as hy twyfel liewer 'n dier laat oorstaan as net afkeur. Ek vra ook ons telers om nie diere waaroor daar twyfel is te neem na veilings nie. Onthou baie diere gaan eers maande na keuring na die veilings en kan baie verander.

Nampo bly ons grootste uitstalvenster en die Santas het weer baie belangstelling gekry met baie navrae. Ons dank gaan aan Johan vir al die harde werk wat hy doen. Ons sê ook dankie aan Boertjie Steyn, Howard Hobson en Herman Kleynhans wat die diere voorsien het. Groot dank gaan ook aan al die raadslede en ander lede wat bereid was om te help by die stalletjie.

Ons dank gaan ook aan Herman Kleynhans vir die diere wat hy uitgestal het by die Aldam Vleisbees skool asook met die werk by Kroonstad Landbouskool waar die Santas ook nou betrokke raak, d.m.v. die Veeplaas

Another excellent year for the Santas with regards to selling of our animals. The extreme drought in our country made it difficult, but we sold most of the animals with an average of R5000 more than the previous year. A New record price of R340 000 was also achieved for as bull sold at the Kroon sale. This is an indication that our commercial farmers are happy with the Santa weaners and that they supported us by again buying animals at our sales. It is also very positive to see more first time buyers at our sales.

Quality sells, and my message to our breeders is that we must keep up the high standards during inspections. Our inspectors try their utmost and we must accept their verdict – do not sell animals if you doubt the quality there of.

Nampo is our one main event to get excellent exposure and we previously had lots of interest from farmers. We thank Johan for his inputs to make this a successful show. We also want to thank Boertjie Steyn, Howard Hobson & Herman Kleynhans for the beautiful animals that was on display. Many thanks to the council members and all the other members who supported us during the show.

We thank Herman Kleynhans for the animals displayed during the Aldam Stock School and his inputs at Kroonstad



WILLIE DE JAGER

projek waar verskillende rasse diere skenk aan die onderskeie skole. Ons dank gaan aan van ons lede wat verse geskenk het vir die projek.

Die Genomika projek is ook aan die gang en ek is baie bly dat van die Santa Telers daar by betrokke geraak het. Ek persoonlik dink dat die genomika resultate baie vir die ras gaan beteken in die toekoms.

SA is in die middel van 'n geweldige droogte wat baie druk sit op al die boere in die land. Ek dink veral aan die graanboere wat baie aangeplant het en baie van die aangeplante graan sukkel a.g.v. die droogte. Mieliepryse het die hoogte ingeskiet en dit het 'n invloed op die hele beesbedryf. Alhoewel daar nou goeie reëns in sekere dele val is daar ook groot dele wat baie min reën gekry het. Die druk op die boerdery is geweldig hoog en dit is nie meer maklik nie. Ek dink dit is egter nou die tyd om koel kop te bly en die regte besluite te neem.

Ek glo nog steeds dat as ons na ons Santas omsien hulle vir ons ook sal teruggee.

Die droogte dwing ons om te kyk na ons diere en dan te besluit watter om te hou en watter om te slag. Daar is 'n ou gesegde wat sê "'n swak kalf is beter as geen kalf", maar vir ons as Stoettelers is dit belangrik om aan die verbruiker te voorsien waar voor hulle vra, naamlik om diere te voorsien wat baie vleis dra, gehard, aanpasbaar en vrugbaar is en wat 'n verbetering in die Nasionale bees kudde kan bring. Ek dink die Santa Gertrudis bees voldoen aan hierdie eienskappe en ons as telers moet hierdie eienskappe gebruik en vir almal wys hoe goed die Santa Gertrudis werklik is. Ons as telers moet saamwerk en mekaar ondersteun waar ons kan en daarom is dit belangrik dat ons skoue, boeredae, Slagos Kompetisies, veilings en vergaderings bywoon.

My dank gaan ook dan aan die lede wat by Vryburg, Bloemfontein en Moorreesburg skoue diere vertoon het. 'n Baie groot dank moet ook gaan aan die organiseerders van die skoue sowel as al die Santa borge.

'n Santa Gertrudis kruis os wat by Piet Plessis naby Vryburg vertoon is, is op die oomblik die voorloper in die Nasionale Karkas Kompetisie van Samic in Suid Afrika. Die os het 'n baie hoë punt en die kanse is baie min dat hy verby gesteek sal word in die huidige siklus. Baie geluk aan Frans Seevink met die baie goeie os wat ook die Kampioen os op die hoef was by die skou. Baie geluk ook aan P.M. Fourie met 'n baie goeie groep Santa osse wat hy by Jakkalskop vertoon het. Sy een os was die Kampioen Os op die hoef by die Jakkalskop Vetveeskou wat die grootste en sterkste Vetveeskou in S.A. is. Die os het ook vierde aan die hak geëindig.

Santa Gertrudis SA is die gasheer vir die Santa Gertrudis Wêreld Kongres wat in Bloemfontein gehou gaan word gedurende die 1 ste week van Mei 2017. Ons het Australiese besoekers gehad tydens

Agricultural School. We will take part in a joint venture with Veeplaas to establish a Santa stud at the school and are very proud of the breeders for donating Santa heifers for this project. We will keep you updated.

Die Beef Genomics Project is running and we also thank the breeders taking part in this very important project. This will make a huge contribution in future towards the development and growth of our breed.

The severe drought in South Africa will have a serious effect on our grain and cattle farmers and with the increase of the maize price, we will experience even more pressure on the production of food for human consumption. We understand the situation, but advise you to stay calm and to make sure to take the right decisions.

I still believe that if you look after your Santas, you will be rewarded..

It is very important to be efficient on our farms and to produce animals that will meet the customer's demand – fertile animals with enough meat, hardy and adjusted animals and animals that will improve the National cattle herd. I believe the Santa has what we need for this and that we can demonstrate this to our customers. We must work together and take part in shows, farmers days, slaughtering competitions, sales and our Society meetings.

I also thank our breeders taking part in the Vryburg - , Bloemfontein – and Moreesburg shows. Many thanks to the organisers and sponsors.

A Santa cross ox, that took part in the Piet Plessis Competition, is currently the front runner in the National carcass competition of South Africa. Congratulations to Frans Seevink with the excellent ox that was the champion on the hoof. Congratulations to PM Fourie with the beautiful group of Santas that took part in Jakkalskop – the biggest show of this nature in SA. One of these oxen was the Champion on the hoof and came fourth on the hook.

Santas SA will be the host for the 2017 World Congress in Bloemfontein. This event will take place in the first week of May 2017. We had some Australian visitors during our previous National show in Vryburg and they were very impressed with the quality and number of our animals – they approached us to host the World congress. Me and Amy Williams attended the World congress in Paraguay and there was a huge interested in the South African congress from our fellow breeders in Argentinia, Brasilia, America, Paraguay, Nieu Zealand and Australia.

Scott Ferguson from Australia already indicated that they want to attend this congress and that they will bring a contingent of Australians that will also include

ons laaste Nasionale Kampioenskappe van 2013 in Vryburg en hulle was so beïndruk met die baie hoë kwaliteit van die diere sowel as die getalle by die skou dat ons genader is om die Wêreld Kongres aan te bied. Tydens die Wêreld Kongres laas jaar in Paraguay wat deur my en Amy Williams bygewoon is was daar groot belangstelling vir die Kongres in S.A. deur telers van Argentinië, Brasilië, Amerika, Paraguay, Nieu-Seeland en Australië.

Ek is alreeds genader deur die president van Santa Gertrudis Australië Scott Ferguson vir die datums en hy het genoem dat hul alreeds toere beplan in S.A. en van die buurlande en dat daar 'n groot groep Australiese telers gaan kom waaronder heelwat jong telers.

Ek weet dit is baie droog en daar is baie druk op die boere in S.A., maar ek wil vir elkeen van ons lede vra om 'n positief te wees en 'n bydrae te maak tot die skou. Ons het u almal se bydrae nodig, maak nie saak hoe klein of groot om van die Kongres 'n sukses te maak. Ek wil vra dat soveel as moontlik telers asseblief diere moet voorberei vir die skou. Ons het 300 diere gehad op die vorige Nasionale Skou en ons moet regtig probeer om dit ten minste te ewenaar. Al bring jy as teler net 3 diere lewer jy ook 'n bydrae en hoe meer telers daar is hoe sterker en beter is die vertoning. Ek het selfs 'n jong teler in Botswana wat 'n paar diere gaan bring. Ek is seker ons in S.A. wil nie afsteek nie. Ek doen ook 'n beroep op elke teler om ons te help met borge. U weet ons het dit baie nodig om 'n sukses te maak. Ek vra al ons Santa Telers om hande te vat en die beste Santa Gertrudis Wêreld Kongres ooit aan te bied.

'n Groot dank gaan ook aan al my mede raadslede vir die bydrae wat hulle gemaak het deur die jaar. Dit is lekker om met mense saam te werk wat positief is en alles sal gee vir die Santa Gertrudis Ras.

Baie dankie ook aan Johan, Susan, Melissa en Gladys vir al die harde werk wat hulle vir ons ras doen. Hulle is altyd vriendelik en behulpsaam en 'n plesier om mee saam te werk. Ons sê ook welkom aan Lorraine, wat by die personeel aangesluit het met die dat ons ook die Limousin Genootskap se administrasie doen en dat alles baie glad verloop en daar alreeds aan my gesê is deur die Limousin telers dat ons personeel 'n baie goeie diens aan hulle lewer.

Die Wagyu Telers Genootskap het ons ook genader om te help met hul administrasie en hulle is sedert 1 Januarie 2016 ook deel van ons kantoor. U sal sien dat dit vir ons almal voordele inhou om saam te werk.

Ek wens al die lede en personeel baie sterkte toe vir die jaar wat voorlê en mag die Santa Ras net aan hou groei. My wens is ook dat dit beter sal gaan met al ons boere en dat omstandighede veral die droogte en ekonomie baie sal verbeter. My dank gaan aan die Groot Voorsiener, Ons Hemelse Vader, vir alles wat Hy aan ons voorsien. Die bly 'n geweldige voorreg om elke dag in die natuur te wees en Sy wonderwerke te aanskou.

some young farmers. We are looking forward to this visit.

I want to make a very serious appeal on each and every breeder to support this show and congress we need your participation and commitment to make this event a success – we had 300 animals during the 2013 show and I believe we can meet this numbers again. Pleased help us to get sponsors for this Congress and show - we believe that this can be the best Santa Gertrudis World Congress ever!

A Huge thank to my co-members of the Council and all your inputs and contributions. It is a great pleasure to work with such positive people that gave their all for the Santa Gertrudis.

Many thanks to our office with Johan, Susan and Melissa. It is always a pleasure to work with you. We also welcome Lorraine who joint us with the administration in the office. We are getting very good feedback from the Limousin society with regards to the service rendered by our people.

We are also rendering administration services to Wagyu SA since 1 January 2016 and are looking forward to this business alliance.


I personally wish each one of you a good year and may the Santas go from strength to strength. I also believe that we will have a prosperous farming community and that will recover from the drought, and experience an improved economy after this period. My thanks to our Heavenly father our Great Provider. It is a huge privilege to be part of nature and to experience his grace.



# CATHREW SANTAS

## The Breeder you can Trust

Andrew Fyvie : 0829253742 • andyfyvie@lantic.net



JF07-193

| EBV | BW | 200 | 400 | 600 | MCWT |
|---|---|---|---|---|---|
| | +2.1 | +22 | +34 | +44 | +50 |
| | 62% | 83% | 77% | 70% | 51% |

Son of JF03-130 and the father of JF13-008 .
A top stud sire!






**JF03-130**
Mother of JF07-193 and has an ICP of 368
over 10 calves .Fertility at its best!

**JF13-008**
Son of JF07-193 and the grandson of JF03-130
**A quality young bull with the genetics to back him!**

Thanks to all our buyers and under bidders of Cathrew genetics

HAVEMANN BOERDERY

# Santarust SANTAS

- Gehard
- Aanpasbaar
- Vrugbaar
- Groeivermoë
- Voeromset
- Uitslagpersentasie

## PRODUKSIEVEILING - WOENSDAG, 10 AUGUSTUS 2016




**Prestasie van paar Santarust bulle te Armoedsvalkte 2015**

| Bul | GDT (Kg) | Voeromset verhouding |
|---|---|---|
| JH140078 | 2.306 | 4.52 |
| JH140084 | 2.217 | 4.81 |
| JH140099 | 2.016 | 4.66 |

Johan Havemann – 082-523 8191 • Heinrich Havemann – 082 385 5971
Gert Brits – 076 097 2548 • e-pos: santarust@lantic.net

# Raad/Council



Voor vlnr:
KOOS LOUWRENS, RAADSLID, 082 555 5774, mannat@mweb.co.za, KINROSS
WILLIE DE JAGER, PRESIDENT, 082 565 5445, willie@srvalley.co.za, VRYBURG
HERMAN KLEYNHANS, RAADSLID, 082 451 3800, kvs@gcs.co.za, KROONSTAD
Agter vlnr:
HOWARD HOBSON, RAADSLID, 082 410 2401, pinnacle.santas@gmail.com, LADYBRAND
LOUWRENS VAN VUUREN, RAADSLID, 082 718 4305, topcirclesantas@gmail.com, ZEERUST
FRIKKIE OOSTHUIZEN, RAADSLID, 082 940 0552, frikkie.santa@vodamail.co.za, FRANKFORT
DESMOND ROBERTSON, VISE PRESIDENT, 082 494 7032, desmond@desley.co.za, BLOEMFONTEIN



**RASBESTUURDER/BREED MANAGER**
JOHAN MALAN • 082 462 1702
johan@santagertrudis.co.za
www.santagertrudis.co.za

Santa Gertrudis



**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
SUSAN VAN TONDER
051 444 2269



# Pas voer by koeie se PRODUKSIESIKLUS aan

Boere in Suider-Afrika moet hul bestuurspraktyke verander om by die koei se natuurlike produksiesiklus aan te pas ten einde te verseker dat natuurlike voerbronne optimal bestuur word. 'n Kort kalftyd het talle voordele, waaronder hoër wins en beter kuddevrugbaarheid.



DR. MICHAEL BRADFIELD het die grade B.Sc. aan die Universiteit van die Vrystaat, M.Sc. aan die Universiteit van Edinburg en Ph.D. aan die Universiteit van Nieu-Engeland verwerf. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.



PROF. DIETMAR HOLM


**KORTOM**

- Boer in harmonie met die natuur deur 'n vaste dek- en kalftyd te hê.
- Verander die koei om by die omgewing te pas, en nie andersom nie.
- 'n Vaste, kort dektyd lei tot beter kuddevrugbaarheid, meer geld, 'n eenvormiger kalf-oes en makliker bestuur

Die basiese vereiste vir 'n suksesvolle koei-kalf-onderneming is 'n vaste dektyd. Die behoefte om in harmonie met die natuur te boer deur 'n vaste dek- en kalftyd te hê, is een van die belangrikste aspekte van 'n vleisbeesproduksiestelsel.

Suid-Afrika het van die laagste kalfpersentasies, geskat op sowat 65% vir kommersiële en 45% vir kommunale boere. Dié statistieke bevestig die feit dat die land se boere nie in harmonie met die natuur werk nie en nie genoeg seleksiedruk vir vrugbaarheid toepas nie. Identifiseer koeie wat vroeg in siklus kom en elke jaar kalf.

Slegs sowat die helfte van ons vleisbeesboere het 'n dektyd. Net soos elke beesvleisboer 'n skaal behoort te hê, móét elke teler 'n kort, vaste dektyd hê. Dit verseker dat koeie vroeg in siklus kom binne 'n tydperk van 60 dae tot 80 dae en dragtig raak.




Hoewel vrugbaarheid swak oorgeërf word, is dit sterk herhaalbaar. Dit beteken as 'n vers of 'n koei vroeg in siklus kom en elke jaar 'n kalf lewer, sal haar nageslag geneig wees om dieselfde te doen. Die teenoorgestelde is ook waar. As 'n koei laat in siklus kom of nie kalf nie, sal haar dogters ook geneig wees om laat in siklus te kom en 'n kalftyd oor te slaan. Hoë vrugbaarheid is kenmerkend van sekere koeifamilies. Daarom moet kommersiële boere bulle uit vrugbare vroulike lyne selekteer.

**TEEL FUNKSIONELE BEESTE**

Dit behoort elke kommersiële boer se teeldoelwit te wees om beeste te teel wat so vroeg as moontlik dragtig raak, verkieslik op 'n jaar oud (of so vroeg as wat die omgewing toelaat). Sy moet verder sonder bystand kan kalf en 'n goeie kalf grootmaak wat met speentyd verkoop kan word.

Jou doelwit as kommersiële boer behoort dus ook te wees om funksionele beeste te teel wat hul liggaamskondisie so goed moontlik behou – selfs in Suid-Afrika se droë winters en met minimale voer.

As boer behoort jou eerste stap te wees om seker te maak dat jy 'n koei met die regte liggaamsbou vir jou omgewing het. Verander die koei om by die omgewing te pas, en nie andersom nie.

Die diagram links is 'n perfekte illustrasie van hoe koeigrootte en melkproduksie binne jou omgewing moet inpas. Dit kom uit die *USA Beef Improvement Federation Manual*, gepubliseer in die 1970's. Dr. Bob Weaber, assosiaat-professor in beesboerdery aan die Universiteit van Kansas in Amerika, het dit op vanjaar se Aldam-vleisbeesskool gebruik.

Soos jy in 'n gebied met 'n laer reënval inbeweeg, behoort jy met diere met 'n kleiner liggaamsbou te boer. Dit is ook proporsioneel tot die melkproduksie van die dier. Vir die meeste somer-reëngebiede in Suid-Afrika is 'n mediumgrootte koei optimaal.

Die alternatief is om met 'n kleinraamdier te boer, maar dan 'n kruisteelstelsel te gebruik om te verseker dat die nageslag aan markvereistes voldoen en ook 'n ekstra 20-40% wins lewer om finansieel lewensvatbaar te bly.

**DUUR VAN DIE DRAGTIGHEIDSTYDPERK**

Koeie is vir ongeveer 285 dae van 'n jaar dragtig. Om te kalf, is 'n fisiologies stresvolle gebeurtenis. Daarom sal verse en koeie vir minstens 'n maand of twee ná kalf nie in siklus kom nie. Hierdie tydperk staan as die postpartum anestrus-tydperk bekend.

By van die rasse wat later volwassenheid bereik, asook Bos indicus-rasse, sal 'n vers of koei wat gekalf het, dikwels 'n hele kalftyd oorslaan omdat die postpartum anestrustydperk langer as drie maande duur.

Vooraanstaande boere identifiseer koeie wat verkieslik as tweejariges kalf en dan elke jaardaarna 'n kalf lewer. By die meeste diere is die postpartum anestrus-tydperk nader aan 45-50 dae. Dit word grootliks beïnvloed deur voeding en liggaamskondisie ten tye van kalf. Koeie wat in goeie liggaamskondisie is en vroeg in die kalftyd kalf, het die beste kans om in siklus te kom voor die dektyd begin.

| DIE PERSENTASIE VAN DIE PROTEÏENVEREISTES WAT DEUR WEIDING VERSKAF WORD | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **PRODUKSIESTADIUM** | **LENTEKALF** | **HERFSKALF** | **WINTERKALF** | **SOMERKALF** |
| Kalftyd | 105% | 75% | 50% | 95% |
| Dektyd | 100% | 60% | 85% | 85% |
| Midlaktasie en vroeë dragtigheid | 100% | 60% | 110% | 75% |
| Laat laktasie en middragtigheid | 75% | 135% | 125% | 80% |
| Droog en middragtigheid | 90% | 135% | 120% | 110% |
| Droog en laat dragtigheid | 70% | 100% | 75% | 120% |

Koeie wat vroeg kalf, het ook die beste kans om weer vroeg beset te raak omdat hulle meer tyd het om te herstel. Hulle sal potensieel meer estrussiklusse hê en het dus meer geleenthede vir besetting.

In 'n vier maande lange dektyd sal koeie wat byvoorbeeld in die vierde maand dragtig geraak het, 'n kalftyd oorslaan. Boere wat 'n vier maande lange dektyd gebruik, het in effek nie 'n dektyd nie en onderhou bloot die koeie wat nie vroeg en deurlopend in siklus kom nie.

## SUKSESVOLLE ONDERNEMING

'n Vaste, kort dektyd is om verskeie redes die basiese vereiste vir 'n suksesvolle koei-kalf-onderneming. Die eerste daarvan is verbeterde kuddevrugbaarheid en gevolglik meer kalwers wat op lang termyn jaarliks verkoop word.

Om 'n vaste dektyd te vestig, sal waarskynliksowat vyf jaar duur. Jy bereik dit deur in jaar een die bulle vir sowat twee maande van die koeie weg te hou, in jaar twee vir vier maande, en dan hou jy aan tot jy by die punt kom waar die bulle net vir twee tot twee en 'n half maande van die jaar by die koeie is. Enigiets langer as drie maande verydel die doel van 'n kalftyd omdat jy dan koeie in 'n tydperk van langer as een jaar inskuif, soos vroeër verduidelik.

'n Vaste dektyd beteken tweedens dat jy 'n eenvormiger kalf-oes in elke stadium van die produksiesiklus het. Kalwers word saam in 'n kort tydperk gebore. Bestuur word geoptimaliseer omdat jy kan klem lê op die maand waarin 80% van die kalwers gebore word. Daarna sal die diere saam gespeen word, hulle kan saam bestuur word en as hulle verkoop word, word dit as 'n eenvormige groep gedoen. Só behaal jy 'n hoër prys as wanneer klompies-klompies diere verkoop word.

Nog belangriker is die vermoë om die kudde se voedings- en gesondheidskoste te bestuur. In die grafiek regs, verskaf deur prof. Dietmar Holm van die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde, verskyn die ruproteïenvereistes in gram per dag vir 'n koeivan 530 kg.

Hoewel die onderhoudsvereistes dieselfde bly, is die proteïenvereistes die hoogste gedurende die vroeë tot midlaktasietydperk en die laagste gedurende die droë en middragtigheidstydperk. Die voedingsvereistes bereik weer 'n hoogtepunt tydens laat dragtigheid


As koeie in die winter kalf, dit wil sê boere wat 'n winterkalftyd in 'n somerreëngebied voorstaan, is daar 'n algehele wanverhouding tussen die voedingsvereistes en die beskikbare voerbronne.

Die tabel hier bo gee 'n goeie oorsig van die persentasie proteïene verskaf deur natuurlike weiding en hoekom 'n lentekalftyd optimaal vir 'n somerreëngebied is. Dit sal in wese andersom in 'n winterreëngebied wees.


Indien 'n lentekalftyd in die somerreëngebied gevolg word, sal die dier eintlik net in die mid- tot laatdragtigheidstadium bykomende voedingsaanvulling benodig. Die aanvulling kan dus vir alle koeie vir 'n baie spesifieke tydperk geteiken word. Daardeur word koste op lang termyn bespaar.

Boere wie se koeie in die lente kalf, kry gewoonlik R1 tot R2 per kilogram minder vir hul speenkalwers wat in die daaropvolgende April tot Junie bemark

**RUPROTEÏENVEREISTES (G/DAG) VIR 'N KOEI VAN 530 KG IN VERSKILLENDE STADIUMS VAN DIE PRODUKSIESIKLUS**



# KOCHBO
# Santas




## HOME OF THE MIGHTY REDS

ORIGINAL
KOCHBO SANTAS
ORIGINAL

Danie: 082 783 5364 | Franco: 072 599 6843
kt@kochbo.co.za.co.za | www.kochbosantas.co.za
Posbus 89 | Moorreesburg | 7310

word omdat daar dan 'n ooraanbod is. Hierdie speenkalwers is egter geneig om baie swaarder te wees as speenkalwers wat in die herfs gebore word. Dit verged dus vir die laer prys.

Die beesvleisbedryf beweeg ook toenemend na vakuumverpakte vleis. Sulke vleis kan tot ses maande hou, wat die kleinhandelsektor in staat stel om die vraag en die aanbod te balanseer. Die webwerf www.safeedlot.co.za verskaf maandeliks die jaarlikse pryse en toon hoe die markneigings aan die verander is. Boere kan verwag dat die prysverskil tussen lente- en herfsspeenkalwers verder gaan verklein, soos vanjaar gebeur het.

Kalwers wat laat in die kalftyd gebore word, weeg minder omdat hulle jonger en kleiner met speen is. 'n Voordeel van 'n kort dektyd is dat die verskil tussen kalwers kleiner is.

Dit is nie 'n nuwe gedagte om boere aan te moedig om 'n kort dektyd te hê nie. Wetenskaplike artikels wat in die vroeë 1970's gepubliseer is, het geïllustreer dat vir elke 20 dae wat 'n kalf later in die produksiesiklus gespeen word, dit tot 30 kilogram minder weeg.

Die meeste van die leidende boere in Suider- Afrika het verander na 'n korter dektyd en daarmee die argument vir 'n kort kalftyd versterk.

Van die inligting in hierdie artikel is verkry van prof. Dietmar Holm van die Universiteit van Pretoria.

NAVRAE: Dr. Michael Bradfield, e-pos: michael@Agribsa

**DEKTYE EN DIE DROOGTE**

Suid-Afrika beleef tans een van die moeilikste droogtes in die geskiedenis, en baie boere is besig om hul koeikuddes te prul. Boere het hopelik reeds in die herfs 'n dragtigheidsondersoek by koeie laat doen. Dit is ook die ideale geleentheid om koeie uit te skot wat laat in 'n dektyd in siklus kom, en so 'n vrugbaarder kudde as die kern van 'n kudde te behou. Baie boere gebruik ook hul kuddebestuursprogramme om koeie uit te soek wat in die afgelope paar jaar swak presteer het. Die maklikste is om eers na dae sedert laaste kalf te kyk en daarna na die kalfinterval.

In die toekoms moet boere ook sorg dat die bulle wat hulle gebruik, uit vrugbare koeilyne kom. Dit is makliker en vinniger om genetiese vordering te maak deur bulle uit vrugbare koeilyne te gebruik as om swak koeie te prul. Soos in vorige artikels genoem, weerspieël jou koeikudde binne drie geslagte die bulle wat jy gebruik. Gebruik dus die droogte om 'n vrugbaarder kudde te behou en vir die toekoms te bou.


clinomics

Creating trust through speed, quality, innovation and customer service

Animal Genetic Services

DNA Profiling and Parentage:

- Cattle (ISAG panel)
- Canine (ISAG panel)
- Equine (ISAG panel)
- Ovine (ISAG panel)
- Pigeon (ISAG panel)

Mutation screening:

- Cattle genetic disorders

Wildlife:

- Buffalo
- Sable
- Roan
- Oryx
- Impala
- Wildebeest
- Springbuck
- Nyala
- Blesbuck
- Bontebuck
- Lechwe
- Kudu
- Eland
- other Antelope (on request)



**T:** +27 72 626 2826 **E:** info@clinomics.co.za

**Postal Address:** P.O. Box 11186, Universitas, Bloemfontein, 9321, South Africa

**Physical Address:** Uitzich Road, Bainsvlei, Bloemfontein, 9338, South Africa

# Drought
## FEEDING STRATEGIES



DR. BRINK VAN ZYL (PR. SCI. NAT). Ruminant Specialist, Afgri Animal Feeds

The most common definition of drought can be described as a lengthy period, often longer than one year, with lower than normal rainfall. Water- and inevitable roughage shortages will follow precipitation below normal. Irrespective of how a drought is defined it will always be accompanied by huge financial impacts especially for the farmer at producer level.

From predictions for the African continent we can expect an increase in drought occurrences in future which can mainly be attributed to global warming and the resultant El Nino phenomena.

According to statistics, Southern Africa will experience a major drought once every decade. The farmer has no control over this. The way a farmer prepares and plans for the drought and especially how he manages the pressure will on the other hand determine whether he will survive financially or not. It is also a reality in SA that the farmer cannot only rely on government drought relief. This is mainly due to a lack of comprehension of a drought and the demand for financial assistance elsewhere.

**Why has a drought such a negative impact?**

- The number of animal-mouths to feed on the farm have to be reduced
- The amount of marketable weaners and weaner lambs thus reduces
- The weaned animals grow poorer
- Feed has to be purchased when nobody has any feed. This implicates a very high feed price due to supply and demand economic principles
- The farmer needs to sell animals when everyone needs to sell - again supply and demand principles drive livestock prices down
- After a period of drought the farmer needs to buy in animals when everyone wants to buy which in turn drives livestock prices up

Types of drought

Droughts can firstly be classified as seasonal due to seasonal changes. For example, during late summer in the Western Cape and late winter in the summer rainfall areas. Often a "green drought" is experienced when grazing is green but the volume of vegetation is very limited (almost like a short cut lawn).

Secondly, cyclical droughts refer to periodic droughts due to changes in weather patterns. These are mainly due to global warming and especially the El Nino phenomena within the South African context. The primary farmer can neither predict nor change these occurrences. The impact of especially these droughts can be very devastating due to its unexpected nature.

Lastly, droughts can also occur due to human impact. Over-grazing can be a huge reason for droughts and the resultant lack of grazing. Over utilization of grazing by a too high stocking density will result in very limited grazing. This is mainly limited to the developing world

but can be easily prevented with correct stocking density and good grazing management.

**Stocking density**

Stocking density will greatly depend on:

- Seasonal changes.
- Irrigation, which will increase carrying capacity substantially (especially during dry months).
- The amount of supplementary feeding.
- The physiological stage of the animals. Producing animals (e.g. lactating) will need more feed.

Always expect a time of limited grazing and store some roughage and never exceed 80% of maximum stocking density.

**Nutrient requirements and goals**

A survival strategy is needed during a period of drought. The focus should be on maintenance and not on full production. Costs should be kept to a minimum. Use the lowest possible physiological nutrient value feed with the highest volume. Under normal conditions this implies maximum fibre and minimum concentrate. Look particularly well after critical breeding stock while restructuring the herd temporarily. Under no circumstances should the farm be overstocked. The minimum protein and energy requirement for maintenance will be 10% and 8.2 MJ ME/kg respectively.

**Herd structure**

Sell all non breeding stock (oxen, weaners and slaughter animals) timeously. In the event of only one dry season experienced this would normally be sufficient to overcome the drought. Sell weaners and weaner lambs earlier to relieve pressure on the breeding stock. Either sell or put the weaners or weaner lambs in a feedlot.

Try to keep the breeding animals in an acceptable condition because during partition and lactation the following problems will arise when they in poor condition:

- Calving and lambing difficulties
- Calves and lambs need to be hand reared.
- Poor growth
- Poor re-conception of breeding cows.

Remember that maintenance requirements of younger animals are lower and it thus makes sense to wean animals earlier. Timing of selling and buying of animals is of critical importance: don't wait too long before selling!

**Precautionary measures during periods of drought**

- Supply clean drinking water
- Limit movement and thus energy requirements. Use small camps.
- Group animals according to age, condition and physiological stage.
- Do not waste feed. Use effective feeding troughs.
- Milled roughage utilization is up to 30% better compared to long hay.
- Supply shelter. Up to 33% of losses are due to exposure.
- Make sure animals are clean of external and internal parasites.
- Limit all expenses to a minimum, do not buy any bulls, fencing or bakkies!

**Alternative feed sources during drought periods:**

- Hay
- Straw
- Prickly pear
- Carob pods
- Sisal plant
- Apple pomace
- Citrus pulp
- Camel thorn pods
- Molasses meal
- Commercial drought feed

A drought is almost always devastating for both the farmer and industries in the relevant value chain. The occurrence is nevertheless a reality that will happen. A positive reality is however that the effects of droughts can be minimized through proper management and planning. Droughts are never easy and are always costly and the only way to survive a long period of drought financially is to be pro-active and to plan for it well in advance.








# HIGHLAND GATE BOERDERY

**Marius Freeman** 083 508 5376, marius@fermar.co.za
**Juan Freeman** 084 549 4432 • POSBUS 4110, NELSPRUIT, 1200

# Ageing

## the most important link to high quality beef

When meat is stored under refrigerated conditions after slaughter the process generally referred to as "post mortem ageing" changes the characteristics of meat so that, in most cases, a more desirable product is obtained. In a recent beef quality survey in the Pretoria region, it was found that variation in the duration and effectivity of ageing are the key factors contributing to variability in meat tenderness and increased risk of buying a poor quality steak.



DR. PE STRYDOM
Research Team Manager Meat Science, API

### The mechanism involved in ageing and their results

Various biochemical processes take place during ageing and it is mainly driven by enzymes occurring naturally in the live animal's muscle. These enzymes continue their activity after death for some time and in doing so contribute to changes in texture and other quality characteristics, particularly flavour development. The so-called calpain system where the balance between the actions of calpain, the enzyme responsible for disrupting the muscle structure integrity and its inhibitor, calpastatin, will determine the rate and extent of tenderisation. Muscle and therefore meat consist of contractile proteins embedded or supported in a structure of connective tissue. Proteolytic enzymes has a very limited effect on the connective tissue structure, but mainly weakens the supporting proteins that hold the contracting filaments (those fibres involved in muscle contraction) in place.

A more complicated process is the development of flavour during ageing when larger inactive flavour producing molecules (proteins, fats) are activated. These larger molecules are split and changed by various biochemical processes and aromatic substances are released in particular during cooking.

### What factors are involved that could affect ageing potential?

The progress and end result of ageing, which is more tender meat with a particular flavour, is influenced by various pre-slaughter, slaughter and post-slaughter factors and conditions. Genetics influence tenderisation mainly through its effects on the calpain and related systems. Therefore breed differences in meat tenderness, but often the variation within breed, are larger than between breeds. Genetic effects on ageing ability or meat tenderness are often over estimated and so-called environmental effects underestimated.

Almost 85% of beef produced in South Africa and almost all A-age beef come from intensive feedlot systems. In almost all of these operations some kind of growth enhancer is used, either anabolic steroids or beta agonists, or both, in order to increase profit margins and produce more meat efficiently. Both types of growth enhancers affect the rate of ageing of meat significantly. In simple terms, growth enhancers increase the calpastatin activity in muscle and therefore in meat and thereby slow down the ageing process,